



GRAAD 10 – VRAESTEL

Bestek	
OU TESTAMENT	Josua 8 - 10
NUWE TESTAMENT	Lukas 22- 23
LES	Les 1- 9

Afdeling A: Josua 8 - 10

Vraag 1: Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Josua het hom gereedgemaak en _____ weerbare manskappe uitgestuur (Jos 8:3)
a) dertig duisend b) 500 c) 300 d) vyf duisend
- 1.2 kyk julle moet teen die stad 'n _____ opstel aan die agterkant van die stad (Jos 8:4)
a) strik b) hinderlaag c) kontrak d) onderhandeling
- 1.3 Wanneer julle die stad verower het, moet julle die stad _____ (Jos 8:8)
a) afbreek b) weer opbou c) verbrand d) net so los
- 1.4 Josua het omtrent _____ geneem en hulle opgestel tussen Bet-el en Ai (Jos 8:12)
a) dertig duisend b) 500 c) 300 d) vyf duisend
- 1.5 Maar hulle het die koning van Ai _____ (Jos 8:23)
a) gestening b) verbrand c) lewendig gevang d) vrygelaat
- 1.6 Josua het 'n _____ gebou vir die Here die God van Israel (Jos 8:30)
a) tempel b) altaar c) tent d) kerk
- 1.7 En daarna het hy al die _____ voorgelees (Jos 8:34)
a) woorde van die wet b) name van dooies c) lofprijsinge d) nuwe planne
- 1.8 Josua het gesê: _____ staan stil in Gibeon. (Jos 10:12)
a) son b) manne van Israel c) priesters d) almal
- 1.9 Hoeveel konings het gaan wegkruip vir Josua (Jos 10:17)
a) vier b) vyf c) ses d) sewe
- 1.10 Die konings is toe gedood en aan _____ opgehang (Jos 10:26)
a) bome b) toue c) pale d) hulle voete

Vraag 2: Vul die ontbrekende woord op die antwoordstel in:

hand; Josua; verslege; vlug; Ai; bevrees; ; ons; Jerigo; spies; gelapte; verskrik;

- 2.1 Daarop sê die Here vir Josua: Wees nie A of B nie (Jos 8:1)
- 2.2 En jy moet C en sy koning doen soos jy met D en sy koning gedoen het (Jos 8:2)
- 2.3 Die Here het vir F gesê: Steek die G wat in jou H is, na Ai toe uit. (Jos 8:18)
- 2.4 Hulle vlug voor G uit soos die vorige keer (Jos 8:6)
- 2.5 ook I en J skoene aan hulle voete.... (Jos 9:5)

Vraag 3: Vul in op jou antwoordstel: Waar of Vals

- 3.1 Die manne het vir hulle padkos geneem; maar die mond van Here het hulle nie geraadpleeg nie. (Jos 9:14)
- 3.2 Maar Josua het hulle vernietig en met die banvloek getref (Jos 9:15)
- 3.3 Na drie hoor die volk dat hulle die waarheid gepraat het en in ver land woon. (Jos 9:16)
- 3.4 Laat hulle lewe! En laat het houtkappers en waterputters geword. (Jos 9:21)
- 3.5 Die Here het hulle met vuur uit die hemel getref sodat hulle gesterf het. (Jos 10:11)
- 3.6 Die konings het in die spelonk by Makkeda weggekrui. (Jos 10:17)
- 3.7 Josua het vir die aanvoerders opdrag gegee om hulle voete op die konings se nekke te sit. (Jos 10:24)
- 3.8 ...want so sal die Here met al julle vyande doen teen wie julle sal weg (Jos 10:25)
- 3.9 So het Josua dan die hele land gespaar, al die vroue en kinders. (Jos 10:40)
- 3.10 omdat die Here, die God van Israel, vir Israel gestry het. (Jos 10:42)

Vraag 4: Vul die ontbrekende woord op die antwoordstel in:

- 4.1 En Josua en die hele Israel het hul laat _____ en voor hulle gevlug in die rigting van die _____. (Jos 8:15)
- 4.2 Josua moes sy _____ uitsteek en hulle het in die stad gekom en aan die _____ gestee. (Jos 8:19)
- 4.3 Toe die manne van Ai agter hulle omkyk, sien hulle hoe die _____ op trek. (Jos 8:20)

35 Punte

Afdeling B - Lukas 22- 23

Vraag 5: Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Watter fees van die Jode was naby. (Lk. 22:1)
a) Oesfees b) Loofhuttefees c) Versoendag d) fees van die ongesuurde brode
- 5.2 Wie het in Judas ingevaar sodat hy Jesus aan die owerpriesters wou oorlewer. (Lk. 22:4-5)
a) Judas b) Johannes c) Petrus d) Thomas
- 5.3 Watter twee dissipels moes die Pasga berei vir Jesus. (Lk. 22:8)
a) Petrus en Jakobus b) Petrus en Johannes
c) Johannes en Jakobus d) Johannes en Thomas
- 5.4 Jesus het verlang om die Pasga saam met sy dissipels te eet voordat Hy sou _____. (Lk. 22:15)
a) vertrek b) gaan rus c) ly d) opvaar na die hemel
- 5.5 Wat het Jesus voor gebid in die tuin dat die Vader van Hom moes wegneem? (Lk. 22:42)
a) die beker b) die dissipels c) Judas d) die Fariseërs
- 5.6 Jesus se sweet het soos _____ geword wat op die grond geval het. (Lk. 22:44)
a) water b) bloeddrupe c) ys d) stoom
- 5.7 Judas het Jesus verrai met 'n _____. (Lk. 22:48)
a) omhelsing b) buiging c) handdruk d) kus
- 5.8 Die Joodse raad het Jesus na _____ gelei. (Lk. 23:1)
a) Kajafas b) Pilatus c) Herodes d) Pontus
- 5.9 Wat het Petrus gedoen nadat Hy Jesus drie maal verloën het? (Lk. 22:62)
a) hy het niks gedoen nie b) hy het geweene c) hy het baklei d) hy het geslaap
- 5.10 Pilatus het Jesus gevra of hy die _____ van die Jode is. (Lk. 23:3)
a) profeet b) priester c) leier d) koning

Vraag 6: Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

sif, liggaam, brood, beker, breek, gedagtenis, dien, Satan, oudste, testament

- 6.1 Lk. 22:19 Daarop neem Hy A , en nadat Hy gedank het B Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my C wat vir julle gegee word; doen dit tot my D .
- 6.2 Lk. 22:20 ...Hierdie E is die nuwe F in my bloed wat vir julle uitgestort word.
- 6.3 Lk. 22:26 ...die G onder julle moet word soos die jongste, en wie 'n leier is soos een wat H .
- 6.4 Lk. 22:31 ...Kyk die I het vurig begeer om julle soos koring te J .

Vraag 7: Vul die antwoord op die antwoordstel in: Waar of Vals

- 7.1 Die dissipels het nie geweet dat Judas Jesus sou verraaï nie. (Lk. 22:23)
- 7.2 Die haan sou nie kraai voor Petrus Jesus drie maal verloën het nie. (Lk. 22:34)
- 7.3 Die tuin Getsémane was op die Olyfberg. (Lk. 22:39)
- 7.4 'n Engel uit die hemel het Jesus in die tuin versterk. (Lk. 22:43)
- 7.5 Jesus het sy dissipels aan die slaap gevind na sy gebed in die tuin. (Lk. 22:45)
- 7.6 Herodes het regeer in die gebied van Galilea. (Lk. 23:7)
- 7.7 Pilatus was verplig om iemand op die fees los te laat. (Lk. 23:17)
- 7.8 Daar is twee ander kwaaddoeners weggelei om saam met Hom terreggestel te word. (Lk. 23:32)
- 7.9 Die plek waar die kruisiging plaasvind, word Hoofskedel genoem. (Lk. 23:33)
- 7.10 Die opskrif bo-aan die kruis was geskryf in drie tale: Afrikaans, Grieks en Romeinse letters. (Lk. 23:38)

Vraag 8: Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Voltooi: Jesus het aan die een rower gesê: Vandag sal jy saam met my in die _____ wees. (Lk. 23:43)
- 8.2 Hoe lank was daar duisternis? (Lk. 23:44)
- 8.3 Die fees van die ongesuurde brode word ook die _____ genoem. (Lk. 22:1)
- 8.4 Wie se oor het Petrus afgekap? (Lk. 22:30)
- 8.5 Watter getuïenis wou die Joodse Raad hê om Jesus dood te maak?(Lk. 22:70)

35 punte

Afdeling C - Les 1-9

Vraag 9: Vul jou antwoorde op die antwoordstel in: Waar of Vals.

- 9.1 Voortgesette daaglikse bekering is heiligmaking tot die einde van jou lewe. (Les 2)
- 9.2 Ware bekering is slegs moontlik deur die genadewerking van die Heilige Gees. (Les 2)
- 9.3 By die bekering is jy bewus van wat met jou gebeur en wat jy doen. (Les 2)
- 9.4 Goeie werke is noodsaaklik om 'n deel van jou ewige saligheid te verdien. (Les 3)
- 9.5 Goeie werke word uit 'n ware geloof volgens die wet van God, tot sy eer gedoen. (Les 3)
- 9.6 Die wet van God is ons kenbron van sonde, en wys ons dus hoe goed ons is. (Les 4)
- 9.7 Ware liefde moenie verwar word met humanistiese medemenslikheid nie. (Les 4)
- 9.8 Ek moet terwille van goeie menswees alle afgodery, towery, en waarsêery vermy. (Les 5)
- 9.9 Afgodery is om in die plek van die ware God, iets anders te versin of te hê, waarop jy jou vertrou stel. (Les 5)

- 9.10 Skepsele mag wel afgebeeld word solank ons dit nie vereer of God daardeur dien nie. (Les 6)

Vraag 10: Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

vernuwe, genade, dankbaarheid, godsalige wandel, goeie werke, versekerd, verdienste, homself, vrygemaak, bewys

10.1 Heidelbergse Kategismus Vraag 86:

Aangesien ons uit ons ellende, sonder enige A van ons kant, alleen uit B deur Christus verlos is, waarom moet ons dan nog C doen?

- 10.2 Omdat Christus nadat hy ons met sy bloed gekoop en D het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld E

10.3 Sodat ons met ons hele lewe aan God F vir sy weldade sal G

10.4 Dan ook, dat elkeen by H van sy geloof uit die vrugte I kan wees

10.5 En dat deur ons J ons naaste vir Christus gewin kan word. (Les 1)

Vraag 11: Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Voltooi: Die HK is ingedeel in drie dele nl. a) _____, b) _____, c) _____. (Les 1) (3)
- 11.2 Uit hoeveel dele bestaan die bekering van die mens? Gee die dele. (Les 2)(2)
- 11.3 As towery 'n nabootsing van die almag van God is, wat is waarsêery? (Les 5)
- 11.4 As ons nie beelde in die Kerk mag toelaat nie, hoe wil God dan hê, dat ons onderrig word? (Les 6)
- 11.5 Wanneer mag jy 'n eed aflê? (Les 7)
- 11.6 Wat sê die Kategismus wat handel oor die vierde gebod vandie res van die week? (Les8)
- 11.7 Wat is die hoofsaak wat die vyfde gebod van jou vra? (Les 9)

30 punte

Totaal: 100 punte